

Gebedsbrief

19 Oktober 2026

KALENDER

November

- 05 [CBMC Boland Gholfdag](#) (Wellington)
6-7 Leadership Coach Training (Bellville)
12 CBMC Uitreik (Somerset Wes)
14 EE3 Evangelisasie Seminaar (NV, WK)

VERJAARDAE

Oktober

- 19 Eugene Keyser (Noordwes)
Paul Krause (Noordwes)
21 Dewald Basson (Noordwes)
Banele Rafisa (Noordkaap)
Andries Smit (Helderberg)
22 Jacob Michael Schmidt (Helderberg)
Godwin Sweto (Noordelike Voorstede, WK)
24 Rickard Chambers (Helderberg)
Rouxbert Roos (Helderberg)

Romeine 1

16a "Ek skaam
my nie oor
die evangelie nie,"
(AFR83)

Adres:
Edwardstraat 134
Bybelhuis,
1ste Verdieping
Bellville 7530
Die WhatsApp-nommer vir
die CBMC-kantoor is
061 621 4668.

CBMC Bankbesonderhede:
Rekeninghouer: CBMC Bank: FNB
Rekeningnommer: 6236 1233 176
Takkode: 250655 - Willowbridge
info@cbmc.co.za



Snap here to pay



Dissipelskap en Dissipelmaking (Deel 36)

Ons het die vorige weke begin gekyk na 'n paar belangrike konsepte of waarhede wat aan jong gelowiges (dissipels) oorgedra moet word.

Dit was die volgende:

- A. Sekerheid van redding
- B. Stiltetyd (Gebed)
- C. Oorwinning oor sonde
- D. Wegdraai van sonde
- E. Die Bybel – die belangrikheid en gebruik daarvan
- F-J. Gereeld die Woord hoor, lees, bestudeer, memoriseer en mediteer
- K. Toepassing van die Woord in alle areas van lewe.
- L. Gebed
- M. Persoonlike Getuienis

Vandag kyk ons na die belangrikheid om die Evangelie van Jesus Christus met ander te deel.

L. DEEL DIE EVANGELIE

Die belangrikheid dat gelowiges vir ander van Jesus (en 'n persoonlike verhouding met God) moet vertel word gereeld in die Bybel beklemtoon.

Laat jou dissipel saam met jou dit beleef wanneer jy die Evangelie met ander deel. Moedig hom ook aan en bid saam vir name van ongelowiges met wie hy dit moet deel.

Gaan saam deur die volgende teksverse en kyk wat ons hier kan leer oor die deel van die Evangelie:

Jesaja 6:8 _____

Matteus 10:20 _____

Markus 1:15 en 16:15 _____

Handelinge 1:8 en 3:19 _____

Romeine 1:16 en 10:9-10 _____

2 Korintiërs 2:17 en 5:20 _____